# Afrikaanse lofliedere op bekende melodië

*Woorde deur Nico van der Walt,*
*tensy anders vermeld*

***1***

**PRYS HOM DIE SEUN VAN GOD**
**WAT VOOR DIE SKEPPING WAS**
**DEUR HOM IS ALLES VOORTGEBRING**
**IN HOM HOU ALLES STAND**
**DIE EERSGEBORENE**
**DIE EERSTE UIT DIE DOOD**
**DIE EERSTE VAN DIE NUWE SKEPPING**
**JESUS ONSE HEER**

**PRYS HOM DIE LAM VAN GOD**
**HY HET VIR ONS GESTERF**
**BESING SY LOF VERHEF SY NAAM**
**DIE KONING OP SY TROON**
**SPRING OP MY HART EN JUIG**
**AANBID DIE LAM GESLAG**
**WANT HY HET JOU VERLOS MY SIEL**
**MET BLOEDSMART JOU GEKOOP**

**PRYS HOM DIE HERE GOD**
**HY HEERS IN HEERLIKHEID**
**SY KONINGSKAP IS SONDER END**
**VOOR HOM SAL ELKEEN BUIG**
**MY STEM SAL U VERHEF**
**EK SAL U NAAM VERHOOG**
**MY LIPPE SAL U LOOF O HEER**
**VIR EWIG U VEREER**

**Wysie :** ***Crown Him with many crowns***

**∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞**

***2***

**KOM SING VIR DIE KONING**
**'N LOFLIED VAN OORWINNING**
**SING VROLIK SEËVIEREND VOOR JESUS DIE HEER**
**U IS ONS KONING U IS ONS VERLOSSER**
**ONS BUIG NOU IN AANBIDDING (3X)**
**VOOR JESUS DIE HEER**

**KOM LOOF HOM KOM EER HOM**

**ONS IS VRYGEKOOPTES**
**DAAR IS GEEN VEROORDELING VIR ELKEEN IN HOM**
**U IS DIE LAM WAT IN ONS PLEK GESLAG IS**
**ONS BUIG NOU IN AANBIDDING (3X)**
**VOOR JESUS DIE HEER**

**O HEERSER OOR ALLES**
**VORS VAN ALLE NASIES**
**U GLANS EN U MAJESTEIT WORD ORAL BESING**
**DUISENDE STEMME EER U ELKE OOMBLIK**
**ONS GEE U AL DIE ERE (3X)**
**U'S JESUS DIE HEER**

**WANT U ALLEEN IS WAARDIG (3X)**
**U'S JESUS DIE HEER**

**U KOM WEER MARANATA (3X)**
**JA JESUS KOM WEER**

**Wysie :** ***O, come all ye faithful***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

***3***

**HEILIG (3X) HERE GOD ALMAGTIG**
**U GEMEENTE LOOF U NAAM OP HIERDIE BLYE DAG**
**HEILIG (3X) HOOG VERHEWE HEERSER**
**U IS VOLMAAK EN REG IN AL U WEË**

**HEILIG (3X) ROEMRYK IS U DADE**
**AL U WERKE LOOF U IN 'N GROOTSE SIMFONIE**
**ALLES IN DIE HEELAL SAAM IN ONDERWERPING**
**VOOR U DRIE-ENIG VADER SEUN EN GEES**

**HEILIG (3X) AL U HEIL'GES LOOF U**
**IN DIE HEMEL EN OP AARDE KNIEL HUL VOOR U TROON**
**AL DIE HEMELWESENS EER U ELKE OOMBLIK**
**WETEND DAT U DIE ALLERHOOGSTE IS**

**HEILIG (3X) ENIG OPPERWESE**
**WIE SAL VOOR U MAJESTEIT IN WAARDIGHEID VERSKYN**
**MAAR ONS HET 'N VOORSPRAAK BY U IN DIE HEMEL**
**JESUS DIE CHRISTUS GOD EN MENS INEEN**

**Wysie :** ***Holy, holy, holy, Lord God almighty***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

***4***

**LOOF MY SIEL JOU GOD EN HERE**
**BRING HOM HULDE ELKE DAG**
**HY IS GROOT, BEKLEE MET MAG**
**EN MAJESTEIT EN HEERLIKHEID**

***LOOF HOM! (4X)***
***GOD DRIE-ENIG, LOOF SY NAAM!***

**GROOT IS U VERLOSSINGSDADE**
**HERE JESUS, VORS VAN HEIL**
**U, ONS MIDDELAAR VIR EWIG**
**HET ONS MET U BLOED GEKOOP**

**VADER, ONS WIL U VERHEERLIK**
**EN U GOEDHEID BLY BESING:**
**U AANVAARDING, U VERSORGING,**
**U BESKERMING EN U TROU**

**TROOSTER, U IS IN ONS BESIG**
**OM DIE SEUN SE BEELD TE BOU**
**U BEKRAGTIG, U MAAK HEILIG**

**Wysie :** ***Praise, my soul, the King of heaven***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

***5***

**WIE SOU KON DINK DAT GOD SY SEUN SOU STUUR**
**OM SONDAARS UIT DIE DOOD TE RED**
**WIE SOU KON DINK DAT OOK EK**
**'N VOORWERP VAN SY GUNS SOU WEES**
**WIE KAN VERSTAAN WIE KAN DIT PEIL**
**DAT GOD SE SEUN VIR MY SOU STERF**

**GEHEIMENIS - DAT DIE REGVERDIGE**
**'N SONDAARSDOOD AAN DIE KRUIS MOES STERF**
**MY SONDESKULD OP HOM GELAAI**
**WORD HY VIR MY DIE MIDDELAAR**
**DAAR WAAR EK HOORT! DAAR IN MY PLEK!**
**HET HY DIE TOORN VAN GOD GEDRA**

**GEHEIMENIS - DAT EK VOOR GOD KAN STAAN**
**VERSOEN, REGVERDIG, AANGENEEM**
**DIE VOLMAAKTE GEHOORSAAMHEID**
**VAN JESUS IS AAN MY GEKREDITEER**
**GEEN OORDEEL MEER! EK IS SY KIND!**
**MY ONVERVREEMBARE ERFENIS**

**DIE GOEIE WERK WAT U IN MY BEGIN**
**SAL U TOT VERVOLMAKING VOER**
**DAN SAL EK U SIEN NET SOOS U IS**
**EN EWIG SOOS U WORD MY HEER**
**VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID**
**IS ONS BY U EN U BY ONS**

**Wysie :** ***And can it be that I should gain***

∞ ➛ ➛ ΙΧθΥσ ΙΧθΥσ ΙΧθΥσ ➛ ➛ ∞

***6***

**GROOT GEDUG EN WONDERBAAR IS U**
**HERE JESUS SEUN VAN GOD**
**U IS KONING VAN DIE KONINGS**
**HERE VAN DIE LEËRSKAAR**
**U'S DIE ALFA EN OMEGA**
**U WAT WAS WAT IS WAT KOM**
**HALLELUJA LOOF DIE KONING**
**HY SAL REGEER TOT IN EWIGHEID**

**WIE KAN ONS SKEI VAN SY LIEFDE**
**HY KEN DIE WAT AAN HOM BEHOORT**
**UIT SY HAND SAL NIKS ONS OOIT RUK**
**NIKS SAL ONS VAN HOM KAN SKEI**
**NIE VERDRUKKING OF BENOUDHEID**
**GEEN VERVOLGING NOOD OF SWAARD**
**HALLELUJA LOOF DIE KONING**
**HY SAL REGEER TOT IN EWIGHEID**

**O DIE DIEPTE VAN DIE RYKDOM**
**WYSHEID KENNIS VAN ONS GOD**
**ONDEURGRONDLIK ONNASPEURLIK**
**IS SY WYSHEID EN SY RAAD**
**AAN HOM HEERLIKHEID TOT IN EWIGHEID**
**UIT HOM DEUR HOM TOT HOM IS ALS**
**HALLELUJA LOOF DIE KONING**
**HY SAL REGEER TOT IN EWIGHEID**

Wysie : *Strykkwartet in C majeur,*
*Op 76, No 3, 'Keiser' van Franz Josef Haydn*

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

***7***

U IS 'N VOLMAAKTE VERLOSSER O HEER
U HET MY VAN SONDE VERLOS
DIE SKULD EN DIE KRAG EN DIE DOOD WAT DIT BRING
HET U TRIOMFANTELIK OORWIN
*NOU SKUIL EK BY U IN DIE SKEUR VAN DIE ROTS*
*GESPLYT IN MY PLEK AAN DIE KRUIS*
*EN AS U IN TOORN EN MAJESTEIT KOM . . .*
*— U HAND SAL MY VEILIG BEDEK (2 X)*

U HET MY GEKOOP EN DIE PRYS IS BETAAL
AAN U IS EK EWIG VERBIND
MY SONDEVERDORWENHEID IS NOU VERBREEK
MY SKAAMTE VIR EWIG BEDEK
U LOF SAL ONS ALTYD JA ALTYD BESING
ONS DANKBAARHEID OFFER AAN U
O HELP ONS O HERE OM U TE VEREER
AL WORD DIT IN SWAKHEID GEDOEN
*ONS SKUIL MOS BY U IN DIE SKEUR VAN DIE ROTS*
*GESPLYT IN ONS PLEK AAN DIE KRUIS*
*EN AS U IN TOORN EN MAJESTEIT KOM . . .*
*— U HAND SAL ONS VEILIG BEDEK (2 X)*

HOE LANK MOET ONS WAG NOG GEDULDIG VERDUUR
VOORDAT U IN HEERLIKHEID KOM
VERSTERK U GEMEENTE EN HOU ONS IN STAND
AS DRAER VAN WAARHEID EN LIG
*ONS SKUIL STEEDS BY U IN DIE SKEUR VAN DIE ROTS*
*GESPLYT IN ONS PLEK AAN DIE KRUIS*
*EN AS U IN TOORN EN MAJESTEIT KOM . . .*
*— U HAND SAL ONS VEILIG BEDEK (2 X)*

Wysie : *He hideth my soul*

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

***8***

*N.a.v. Ps 45: 4&5*

KOM O HERE IN U ALMAG; IN U GLANS EN MAJESTEIT

NEEM U SWAARD DIE WOORD VAN WAARHEID
RIG U OP IN HEERLIKHEID
TREK DAN OP NA GROOT OORWINNINGS
LAAT U WAARHEID TRIOMFEER
OOR DIE LEUEN EN DUISTERNIS
OOR DIT WAT VALS MISLEIDEND IS
VUL IN YWER VIR U EER
KERKERS VAN DOOD MET LIG O HEER

KOM O HERE U IS MAGTIG; NIKS OF NIEMAND KAN U KEER
WIE SAL GOD SE EREKONING
IN SY OPMARS OOIT KAN WEER
WERP DAN NEER DIE TROTSE MENSHEID
DAT HUL NEED'RIG VOOR U KNIEL
PLEITEND OM VERGIFFENIS
DIEP VAN SONDELAS BEWUS
MAG HUL DAN U VRYSPRAAK HOOR
'KOM NA MY TOE, EK GEE RUS'

KOM O HERE IN GENADE; LAAT U LIEFDESGUNS U DRING
LEER U VOLK OM U TE EER
EN MET BLYDSKAP TE BESING
MAG ONS STEEDS IN GEES EN WAARHEID
VOOR U LEEF IN HEILIGHEID
AS TROFEË VAN U GUNS
AS BANIERE TOT U LOF
MENSE DEUR U VRYGEKOOP
MENSE VAN LIEFDE EN VAN HOOP

Wysie : *Hark the herald angels sing*

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

***9***

AAN GOD AL DIE HEERLIKHEID LOF EN DIE EER
IN JESUS HET HY ONS SY LIEFDE GEGEE
SY EIE GE-OFFER AS LOSPRYS VIR ONS
AAN ONS HET HY LEWE EN OORVLOED GEGEE

***Refrein***

*LOOF DIE HEER PRYS DIE HEER*
*LAAT SY VOLK HUL VERBLY*
*DIEN DIE HEER VOLG DIE HEER*
*LAAT DIE WÊRELD DIT SIEN*
*O VADER ONS KOM NOU IN JESUS U SEUN*

*EN BUIG VOOR U HEERLIKHEID - HALLELUJA*

**HY MAAK ONS DIE NUWE GEMEENSKAP IN HOM**
**HY MAAK ALLES NUUT HY DIE KONING REGEER**
**HY MAAK ONS SY LIGGAAM MET HOM AS DIE HOOF**
**WIE SOU DAN NIE JUBEL WIE SOU HOM NIE LOOF**

**SODAT HEEL DIE WÊRELD KAN SIEN HY'S GESTUUR**
**VERLOS HY SY LIGGAAM - DIE WAT HOM BELY -**
**HY GEE ONS SY LIEFDE SLOOP MURE WAT SKEI**
**SY BRUID SY GELIEFDE WORD VIR HOM BEREI**

**Musiek :** ***To God be the glory, great things He hath done***

∞ ➛ ➛ ΙΧΘΥΣ ΙΧΘΥΣ ΙΧΘΥΣ ➛ ➛ ∞

## *10*

**O ONTVANG NOU DIE EER WAT ONS BRING**
**AS ONS LOFLIEDERE VIR U SING**
**U IS ONS LEWE EN ROEM**
**ONS LOOF U NAAM**
**AS VERLOSTES STAAN ONS VOOR U HEER**
**EN ONS BRING U ONS HULDE EN EER**
**ALS WAT ONS MAAR KAN BEGEER**
**IS U EN MEER**
**HALLELUJA (2X)**
**KOSBAAR U GUNS ONS REDDER EN ONS KONING**
**MET U BLOED HET U ONS LOSGEKOOP**
**O VERLOSSER DIE BRON VAN ONS HOOP**
**JESUS ONS HERDER EN HEER**
**ONS LOOF U NAAM**

**Wysie :** ***O accept these words that we bring***

∞ ➛ ➛ ΙΧΘΥΣ ΙΧΘΥΣ ΙΧΘΥΣ ➛ ➛ ∞

## *11*

***N.A.V. JOH 6:37-40***

**HY HET GEKOM VANUIT DIE HOË HEMELE**
**OM DIE WIL VAN HOM, SY VADER**
**ONDER ONS TE DOEN**
**HY HET OPGESTAAN — VERHEERLIK**
**SÓ DIE DOOD OORWIN**
**EERSGEBORENE VAN ALMAL WAT AAN HOM BEHOORT**

***Refrein***

*U SAL ONS OPWEK*
*— WONDERLIKE LAASTE DAG -*
*ONVERGANKLIK EN VERHEERLIK*
*DEUR U SKEPPINGSKRAG*

**EENS HET DIE VADER AAN DIE SEUN 'N BRUID GEGEE**
**UIT DIE WÊRELDWYE MENSHEID DEUR DIE EEUE HEEN**
**GAWES VAN ONS HEMELVADER AAN SY LIEFDESEUN**
**HET ONS IN SY GROOT GENADE NA HOM TOE GEKOM**

**EER AAN DIE HERE WONDERBARE SEUN VAN GOD**
**HOOGVERHEWE JESUS CHRISTUS**
**HEERSER OOR DIE DOOD**
**ELKEEN WAT HOM TOEVERTROU IS SAL HY BEGELEI**
**EN HOM TOT DIE LAASTE OOMBLIK**
**STERK OM DIE STRYD TE STRY**

**Wysie :** ***Thine be the glory, risen conquering Son'***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

## *12*

***JES 52:7-10***

**HOE LIEFLIK OP DIE BERGE IS DIE KOMS VAN HOM**
**WAT TYDING BRING: WEES BLY**
**UITBUNDIG ROEP : DIE VREDEVORS HET AANGEKOM**
**HY VERLOS HY REGEER**

**Refrein**

*ONS GOD HEERS (4X)*

**O WAGTE KOM VERHEF DIE STEM EN JUBEL SAAM**
**KYK VOOR JUL OË KYK GOED**
**DIE HEER KOM TERUG NA SION NA SY LIEFDESVOLK**
**HY VERLOS HY REGEER**

**PUINHOPE VAN JERUSALEM BREEK UIT IN LOF**
**JUBEL EN JUIG EN WEET**
**DIE HERE HET VERTROOSTING VIR SY VOLK GEBRING**
**HY VERLOS HY REGEER**

**UITEINDES VAN DIE AARDE ELKE NASIE**
**SIEN JUL SY HEIL SY HEIL**

DIE HERE HET SY HEILIGHEID EN MAG GETOON
HY VERLOS HY REGEER

**Musiek :** ***How lovely on the mountains are the feet***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

## *13*

***PSALM 89:2***

**EK WIL SING VAN DIE GOEDHEID VAN DIE HEER**
**VIR EWIG**
**EK WIL SING EK WIL SING**
**EK WIL SING VAN DIE GOEDHEID VAN DIE HEER**
**VIR EWIG**
**EK WIL SING VAN DIE GOEDHEID VAN DIE HEER**
**MET MY MOND WIL EK GETUIG**
**HY BLY GETROU HY BLY GETROU**
**MET MY MOND WIL EK GETUIG**
**HY BLY GETROU TEN ALLE TYE**
**EK WIL SING VAN DIE GOEDHEID VAN DIE HEER**
**VIR EWIG**
**EK WIL SING VAN DIE GOEDHEID VAN DIE HEER**

***I will sing of the mercies of the Lord forever***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

## *14*

**DIE HEEMLE JUIG**
**BESING DIE HEERLIKHEID VAN HOM**
**WAT OPGESTAAN**
**EN NA ONS WEER TERUG SAL KOM**
**VIR EWIG SAL HY HEERS**
**AS KONING OP SY TROON**
**ONS SAL HOM DIEN EN EER**
**EN ALTYD BY HOM WOON**

**EK SAL VERTEL**
**VAN MY KONING EN SY HEERLIKHEID**
**HOE KAN EK SWYG**
**OOR DIE HERE EN SY MAJESTEIT**
**VIR EWIG SAL EK U**
**AANBID VERLOSSER-HEER**
**MY LOF EN DANKBAARHEID**
**SAL ALTYD U VEREER**

Wysie : *All heavens declare*

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

### *15*

***N.a.v. Ps 100***

KOM ONS GAAN DEUR SY POORTE
MET DANK EN MET LOF
KOM ONS GAAN OM DIE HEER TE LOOF
EN ONS SING OOR DIE DAG DEUR DIE HERE GEMAAK
ONS IS VERHEUG WANT HY HET ONS VERBLY
HY HET ONS VERBLY (2X)
ONS IS VERHEUG WANT HY HET ONS VERBLY
HY HET ONS VERBLY (2X)
ONS IS VERHEUG WANT HY HET ONS VERBLY

KOM ERKEN DAT DIE HERE ORALOOR REGEER
HY'S DIE SKEPPER EN HOU ALS IN STAND
ONS IS SYNE SY KUDDE HY SAL ONS VERSORG
ONS JUBEL VOOR DIE HERE WANT HY'S GOED
HY HET ONS GEMAAK (2X)
SY EIENDOM SAL ONS VIR EWIG WEES
HY HET ONS GEMAAK (2X)
SY EIENDOM SAL ONS VIR EWIG WEES

AAN DIE HERE SE GOEDHEID IS DAAR NET GEEN END
VAN GESLAG TOT GESLAG IS DIT SO
SY VERBONDSTROU STAAN VAS
EN SY LIEFDE DUUR VOORT
ONS VREUGDELIED SAL EWIG VOOR HOM WEES
ALLES WAT ONS IS ALLES WAT ONS HET
IS GAWES UIT DIE LIEFDESHAND VAN GOD
ALLES WAT ONS IS ALLES WAT ONS HET
KOM OFFER ONS IN DANKBAARHEID AAN HOM

Wysie : *I will enter His gates with thanksgiving in my heart*

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

### *16*

O BLYE DAG TOE EK VERSTAAN
WAT SY GENADEWERK BEHELS
TOE EK IN DIEPE DANKBAARHEID
HOM AS VERLOSSER KON OMHELS

**Refrein**

*WONDERDAG WONDERDAG*
*TOE JESUS EENS OP GOLGOTA*
*AS MIDDELAAR DIE PRYS BETAAL*
*OORWINNING OOR DIE DOOD BEHAAL*
*WONDERDAG WONDERDAG*
*TOE JESUS AL MY STRAF VERDRA*

MY HART WAT SO ONRUSTIG WAS
IS NOU BEVRY VAN SONDELAS
O WAT 'N VREDE WAT 'N RUS
DAAR'S NIKS UITSTAANDE NIKS WAT MIS

NOU KAN MY MOND WAT JARELANK
GESWYG HET HOM MET VREUGDE DANK
HY HET WAT NODIG IS GEDOEN
EK EN MY VADER IS VERSOEN

Wysie : *O happy day*

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

## *17*
*N.a.v. Ps 57:10-12*

*EK WIL U VIR ALTYD LOOF*
*ONDER ELKE VOLK EN NASIE*
*EN U LOF SAL EK BESING OOR HEEL DIE AARDE*
*WANT U VADERLIEFDE'S GROOT*
*JA, DIT REIK TOT AAN DIE HEMELE*
*EN U TROU, O HEER, U TROU, O HEER*
*SAL NOOIT VERGAAN*

KOM VERHEERLIK USELF HOOG BO DIE HEMELE
LAAT U GROOTHEID
STEEDS WYER, WYER, WEERKLINK
KOM VERHEERLIK USELF HOOG BO DIE HEMELE
LAAT U GROOTHEID
STEEDS WYER, WYER, WEERKLINK

*HERHAAL*

KOM VERHEERLIK USELF HOOG BO DIE HEMELE

**LAAT U GROOTHEID**
**STEEDS WYER, WYER, WEERKLINK**
**KOM VERHEERLIK USELF HOOG BO DIE HEMELE**
**LAAT U HEERLIKHEID (3X)**
**WYER, WYER, WEERKLINK**

**Musiek :** ***'I will give thanks to Thee';***
***1977 Scripture in Song; Mission Praise 308***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

## *18*

**LAAT ONS ONS HULDE VOOR DIE TROON**
**VAN JESUS CHRISTUS BRING**
**SING TOT SY EER SING VROLIK EN VOL LOF**
**EN PRYS HOM - KONING OOR ALS [2x]**

**AAN HOM HET GOD DIE VADER EENS**
**'N VOLK AS BRUID GEGEE**
**HY ROEP HUL UIT DIE VOLKERESEE**
**EN HEILIG HUL VIR HOMSELF [2x]**

**IN SY GENADE HET OOK ONS**
**HIERAAN 'N DEEL GEKRY**
**DEUR WOORD EN GEES HET HY ONS VIR HOMSELF**
**AS KLEINOOD OPGEËIS [2x]**

**DAAROM O HERE SAL ONS U**
**VAN HARTE STEEDS BLY DIEN**
**ONS WEET ONS SAL VIR EWIG U BEMIN**
**WANT SO HET GOD BESLUIT [2x]**

**O VADER ONS WIL U DUS DANK**
**MET ALLES WAT ONS HET**
**VERVUL ONS MET U HEILIGE GEES**
**GEBRUIK ONS TOT U EER [2x]**

**Musiek :** ***All hail the power of Jesus' Name (Coronation)***

∞ ➛ ➛ ιχθυσ ιχθυσ ιχθυσ ➛ ➛ ∞

## *19*

**CHRISTUS HET EENS OPGESTAAN - HALLELUJA**
**HY PERSOONLIK EN LIGGAAMLIK - HALLELUJA**
**GOD DIE VADER HET VERKLAAR - HALLELUJA**

**DAT DIE SEUN HOM WELBEHAAG HET - HALLELUJA**

**DEUR GELOOF MET HOM VERENIG - HALLELUJA**
**HET EK SAAM MET HOM VERRYS - HALLELUJA**
**DAAROM KEN EK NOU SY KRAG - HALLELUJA**
**DAAROM HEERS HY NOU IN MY - HALLELUJA**

**OOK EK SAL LIGGAAMLIK OPSTAAN - HALLELUJA**
**ONVERGANKLIK EN ONSTERFLIK - HALLELUJA**
**EK SAL DAN NET SOOS HY WEES - HALLELUJA**
**EN EK SAL HOM ALTYD DIEN - HALLELUJA**

**GOD DIE VADER SAL OOK MY - HALLELUJA**
**SOOS SY SEUN BY HOM VERWELKOM - HALLELUJA**
**EK SAL IN DIE ERF'NIS DEEL - HALLELUJA**
**SAAM MET DIE HERE LEEF EK EWIG - HALLELUJA**

**O MY VADER O MY VADER - HALLELUJA**
**VUL MY DAAGLIKS MET U GEES - HALLELUJA**
**SODAT EK DIE SEUN VERHEERLIK - HALLELUJA**
**MET 'N LEWE DIENSBAAR HEILIG - HALLELUJA**

**Musiek :** ***"Christ the Lord is risen today"***
***(Easter Hymn 77 77 with Hallelujahs), Lyra Davidica, 1708***